STAPTOG TERUGVOER

KHOMAS HOCHLAND

Verslag deur Dr Werner Mödinger, Magdaleen Brits en Loumarie van Wyk
(en party byvoegings deur Albert Bossert)

Bogenoemde ervare stappers, asook John Mehliss en die ontwerper van die Khomas Hochland Staproete, Albert Bossert, President van VOSA en Projekbestuurder, het vanaf 26 April tot 1 Mei 2015 die 6-dag roete gestap. Ons was die eerste groep stappers op hierdie nuut ontwikkelde roete. Ons moes die roete toets en voorstelle ter verbetering aan die deelnemende plaaseienaars maak.

Inleiding

Die 6-dag staproete strek oor 'n afstand van 91km, en dek die interessantste en mooiste deel van die Khomas Hochland. Dit gaan deur 5 plase: Deüsternbrook, Otjiseva, Onduno, Godeis en Monte Christo.

Ons is oortuig dat dit stappers sal lok wat geinteresseerd is in geologie, voëlkyk, bome, plante, diere, veral reptiele, argeologie, en die wat sommer net lief is om te stap deur ongerepte natuur, in droë rivierbeddings en oor die golwende heuwels van die Khomas Hoogland.

Tydens ons stap is ons geweldig ondersteun deur die plaaseienaars, wat, tesame met hulle helpers, saamgestap het, nuwe roete-merkers bygevoeg het indien nodig, roete oopgekap, veiligheid verbeter, asook interessante en snaakse naamborde opgesit – waarvan party in hierdie verslag vermeld word.

Die roete is nou deeglik gemerk en stapgroepe behoort nie te sukkel nie. Die oornagplekke is goed ontwerp en maak voorsiening vir alle behoeftes van stappers – insluitend warm storte (sonverwarming of 'n "donkie"), skoon toilette, braai fasiliteite en 'n onderdak slaap area met matrasse.
Die baie bome sorg vir voldoende skadu en rusplek oor die hele roete. Uitsigte is spesiaal. Groot verskeidenheid wild soos gemsbokke, koedoes, vlakvarke, zebras, waterbokke, bobbejane, klipspringers ens kan gesien word. Jy mag selfs 'n luiperd of twee sien. Voëllewe langs die Aretaragas en Otjiseva riviere en damme is verbasend oorvloedig – van arende tot watervoëls en baie ander. Grensdrade word vindingryk oorbrug deur die gebruik van ou motorbande.

Die opsie van "slack-packing" is bespreek en sal moontlik geimplimenteer word, asook die moontlikheid om vars brood, vleis- en groentepakkies te voorsien. Dit sal die roete toeganklik maak vir die wat verkies om nie 'n swaar rugsak te dra nie.

Dag 1 (15 km)

Die roete begin by die gasteplaas Düsternbrook, volg die Otjiseva rivier op Otjiseva plaas, gaan verby *UNDER THE BIG TREES*, *RIVER/GAME WATCH WALK* en *GEMSBOKKOELTE* voor dit opbeweeg in die berge. Dit is Bosveld plantegroei en die baie groot bome voorsien heerlike skadu-rusplekke. Ons het byvoorbeeld by *BIG FIG TREE REST,* op 12km, middagete geniet. Die plaaseienaar, Hans-Dieter, het vir ons rotstekeninge gewys by *KLIPMERK GATE*. Die betekenis hiervan is steeds onbekend. Ons kon ook baie keer rus op rotse in die rivierbedding. Die roete gaan deur nou klowe met interessante klip watervalle, waarvan een te hoog was om uit te klim en die roete is toe teen 'n bult uit herlei. Bo op 'n berg – by die *TOKTOKKIE TRACK REST* – het ons indrukwekkende uitsigte op die omringende berge en laer landskap na Windhoek. 'n Laaste, maklike klim neem mens na die pragtige oornagplek *GUSTAV POSTEN*, steeds op Otjiseva plaas en langs 'n groot droë dam. Dit is ongerepte wildernis en jy hoor en sien Afrika se wilde diere sonder om noodwendig tjoepstil te moet wees.
Interessante naamborde is *SEXY FIG TREE, THE –ROCK- UNDER- THE- ROCK, SIT-GAT-RUS – BENE*

Dag 2 (8 km)

Weereens volg ons die rivierbedding teen *KLIPPEKOU KLIM* opdraende uit tot by die grens van Onduno plaas, net voor die *SLAGYSTERKLIP* kloof. Hier sit ons eers 'n ruk op die rotse by die *RED ROCK LIZARD REST* waterval waar ons tyd spandeer by *PATRIDGE POOL* en baie voëls dophou wat kom water drink. By die plaasdam, met water vir 'n groot aantal beeste, ontmoet Thodo, die eienaar, ons. Hy verduidelik die roete wat afdraend gaan tot in 'n volgende rivierbedding, verby *CREEPY CORNER,* met gemsbokke, koedoes, pragtige blomme en bome. Ons eet middagete onder die skadu van bosse, op 'n bult langs die plaaspad, met 'n heerlike briesie wat waai – kenmerkend van die hoër-liggende dele van die roete. Dan bult op na *YIPPIE ON TOP ...!!* Vroeg middag arriveer ons by die volgende oornagplek – ook langs 'n dam – waar ons genoeg tyd het om die omgewing te ontdek en voëls en diere waar te neem. Die kamp is aan die voet van *LOOK UP!! BABOON MOUNTAIN*, op die oewer van 'n klein droë rivier tussen twee klipperige berge met steil kranse. Die een berg se naam is heel gepas Bobbejaankop – waarskynlik hulle slaapplek.

Dag 3 (21 km)

Hierdie dag dek die langste afstand. Dit begin op en af oor bulte en grasvelde, met bosse en pragtige uitsigte, waar ons baie gemsbokke, koedoes en zebras sien, verby *KOELTE BOOM* en *DEATH IN THE RIVER*. Op 6km kruis ons die grens na Godeis, stap op teen *SCORPION HILL* verby *ZEBRABAD*, oor na twee pragtige valleie. Hier gaan ons af in die mooi, lang vallei *BIRD NEST GORGE* waar luiperdspore ons lei tot by ons middagete stop op 12km in die Middagrivier. 'n 4m lang luislang wat rustig in die son le en bak het groot opwinding veroorsaak waar ons hom in 'n rotsagtige gebied net voor *DEATH VALLEY* raakgeloop het. Ons het omtrent 3km in hierdie lang, droë rivierbedding geloop, met hoë aangrensende rotswande, verby *BIG HANGING CLIFFS* en die *MENSVRETERGROT* tot by *COMPRESSOR REST*. In die *ROOIKAT KLOOF* volg 'n steil klim en kruising op16km wat ons dan deur nog 'n vallei neem, verby *TWIN ALOE AT A WATER SLIDE* en *LAST WATER*. Net voor ons die volgende oornagplek bereik, moet ons op en oor rotse klim in die nou, indrukwekkende *LOVEBIRD*

GORGE. Ons het die pragtige Rooiwangparkiet (Lovebird) gesien en gehoor wat hier broei, maar ons het ook 'n benoude ervaring gehad met 'n 3m lang Swart Mamba. Net voor sonsondergang ontmoet ons Ursel, eienaar van Godeis, met ons yskoue bier bo op Sundowner Hill, bokant ons oornagkamp, om 'n asemrowende toneel te sien waar die son agter die baie berge van die Khomas Hoogland ondergaan.

Dag 4 (16 km)

Die volgende oggend vertrek ons weer deur *LOVEBIRD GORGE ,* verby *GATKRAP BOOM* en draai regs in die Otjompaue rivier, wat 'n wye vallei vorm. Hier gaan ons verby die *PIEPIE VALLE* en die *GROOT KAMEELDORINGBOOM EN SY KLIP BALLE,* wat ons neem tot by Onduno plaas se grens en die *VEGTENDE BULLE PUT*. Die *BABOON BAR* kloof is baie spesiaal. Ons sien baie droë damme, asook verskeie San plekke, waarvan een by *BUSHMAN/SAN PLACE*. Na die *ZEBRA PEEK HILL* en *GOGGA OPDRAANDE* kan jy middagete geniet by *BLOW WIND BLOW – GIGGLE REST*. Hierna gaan ons oor *KAALGAT RANTE* en *STONE SIT* tot by 'n laaste rusplek, *ANKE'S HOUSE VIEW*, met 'n uitsig oor die Onduno opstal. Dan af tot by die groot dam met baie water en die *CROAK DRINKING PLACE*. Skielik is ons weer terug by ons Dag 2 oornagkamp. Ons het uitstekende weer regdeur ons hele stap gehad, soms selfs bietjie warm, maar hierdie nag val die kwik toe sommer to omtrent 5°C.

Dag 5 (15 km)

Elke dag het interessante uitsigte gehad en ook hierdie dag het ons nie teleurgestel nie. Ons het heerlike gestap verby *LEKKER SWIMMING, THROUGH THE BEAUTIFUL BUSHES* op teen *GRANDPA'S PATH,* verby *KIEKIE DAM* tot by *WINDHOEK REST*, waar ons die stad Windhoek duidelik in die verte kon sien. Ons *TAKE IT SLOW BUT GO* op *THODO'S PATH* deur *GAT SKEUR DEUR DRAAD* tot op die hoogste punt by *360^0 AND OH SO FAR FAR AWAY!!* met nog die beste uitsigte oor die hele roete. Terwyl ons hier 2000 m bo seevlak sit, sien ons so ver soos Okahandja en Windhoek.
Na heelwat op en af verby *HEAVEN REST, BERND'S MOUNTAIN REST* en *ENORMOUS COCOON CORNER*, kruis ons die grens na Monte Christo plaas op *LEVEL ON THE GRAVEL* na die *WATERFALL*. Hier klim ons teen die asemrowende hoë waterval af met 5 stewige hout lere. Ons stap verby *KORT-PAD-LANG-PAD*, met 'n wel-verdiende rus by *SEER-KNIE-DAMRUS* en dan verby die *STEENBOKKIE PLEK* tot ons uiteindelik die Aretaragas rivier by *TARENTAALDRIF* bereik. Nou volg 'n asemrowende stap vir omtrent 'n kilometer al langs die rivier met honderde watervoës en baie wild te sien, verby *SO CLOSE* tot by die Boomhuis, ons oornagplek op die plaas. Hierdie boomhuis is 'n 3-verdieping konstruksie wat om en in 'n massiewe groot Ana boom gebou is. Daar is dubbelverdieping, 5-ster toilette, 'n uitkyk en braai met uitsig oor verskeie damme. Voorwaar baie spesiaal.

Ons het gaan stap tot by die Monte Christo plaashuis, eienaar Helmut. Daar is verskeie klein damme wat dit ideaal maak vir voëlkyk, met groot verskeidenheid watervoëls en visarende. In totaal het ons meer as 50 voëlspesies op hierdie stap geidentifiseer. Ons het baie gemsbokke, waterbokke, springbokke, zebras, koedoes, vlakvarke en ander klein soogdiere gesien.

Dag 6 (14 km)

Die laaste dag op die Khomas Hochland Staproete is 'n aangename stap al langs die Otjiseva rivier, met verskeie rivierkruisings, verby merkers soos *DRIE –ANA- BOME –RUS, COOL TREE REST, VLAKVARKGATE, WATERVOëLS LOOP* en *WATER KLIPPE*. Op hierdie dag stap mens van Monte Christo deur Otjiseva terug tot by die beginpunt by Düsternbrook.

Algemene Opmerkings

Die Khomas Hochland Staproete is 'n goedbeplande roete wat deur 'n groot verskeidenheid landskappe gaan. Die afstande vereis 'n sekere vlak van fiksheid, maar die moontlikheid van "slackpacking" en die daaglikse aankoop van vleis, brood en drankies by die boere behoort dit moontlik te maak vir baie meer stappers. Ons is oortuig dit gaan groot getalle stappers lok van regoor Suidelike Afrika en selfs oorsese toeriste. Die verwagting is dat, naas die Visrivier Vallei, hierdie roete binne die afsienbare tyd een van die gewildste roetes in Namibie gaan word.

Hier en daar stap mens op plaaspaaie, wat verseker 'n verskil maak.
Dit entoesiasme waarmee die plaaseienaars hierdie staproete se idee aanvaar en ondersteun het, was wonderlik om te sien. Ons wens al die betrokkenes by hierdie toerisme projek in Namibie groot sukses toe.

Dankie

Baie dankie aan al die betrokkenes, veral die Voetslaan Organisasie van Suid Afrika – VOSA, wat hierdie uitstappie na Namibie moontlik gemaak het.

'n Spesiale woord van dank **aan al die plaaseienaars**, van wie ons ware VIP behandeling ontvang het. Hulle het uit hul pad gegaan om ons volle hulp en ondersteuning te gee wanneer ons voorstelle gemaak het vir die verbetering of verandering van die roete.

Ons bedank ook NAMplace, veral Aaron, vir die vervoer reelings van en na die lughawe, asook die belofte van finasiele steun vir ons vervoerkostes.

Baie dankie aan Albert Bossert vir die wonderlike idee en beplanning van hierdie staproete, asook sy geduld en leierskap oor die hele roete.

Laastens bedank ons ook die lede van ons stapgroep en almal wat dele van die roete saamgestap het, vir bereidwilligheid om hulle tyd en wye ervaring te deel met hierdie wonderlike deel van Namibie. Dit het hierdie stap 'n besondere ervaring gemaak.

Vir besprekings kontak:

Duesternbrook Safari Guest Farm
P.O. Box 870
Windhoek / Namibia
Phone: 00264-61 232572
Fax: 00264-61 257112

www.duesternbrook.net
Email: info@duesternbrook.net